

**Die Here het na my omgesien**

Die lofsang van Maria het deur die eeue bekend gestaan as die *Magnificat*. Dit is die eerste woord in die Latynse vertaling van dié loflied en dit beteken “maak groot”. Die loflied begin letterlik met die woorde: “My siel maak die Here groot.” Dit is waaroor dit gaan in hierdie lofsang: blye verwondering oor die verlossende genade van die Here en daarom word Hy geprys.

Maria is boweal verwonderd en vol blydskap “omdat Hy na my in my geringheid omgesien het” (vs. 48). Sy het dit nie verdien nie, dit was genade van die Here. Hy het in sy ontfermende liefde na haar omgesien. Maria word nie hier op ‘n voetstuk geplaas nie, nee, sy maak die Here groot omdat Hy haar genadig is.

Só is die Here: Hy sien in genade om na mense wat dit nie verdien nie. Hoogmoediges en mense wat smag na mag, staan nie by Hom voor in die ry nie, dit is die geringes wat Hy verhoog! Die rykes word met leë hande weggestuur, terwyl die behoeftiges oorlaai word met goeie gawes.

Maria is ‘n skitterende voorbeeld van hierdie ontfermende liefde van die Here. Dit gaan oor verlossing. Maria word ‘n instrument in die Here se verlossingsplan. Sy is nie ‘n heilige op ‘n voetstuk of ‘n middelares nie, maar die ma van Jesus Christus, die Verlosser wat God stuur omdat Hy na ons, sy kinders, omsien.

Dit is dááror dat Maria die Here loof!

*Sing: Skrifberyming 4-1:1, 2, 6*

*Dr Frans van der Walt (Bellville-Oos)*